education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2: SKRYF

MODEL 2008

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A	Opstel	40 punte
AFDELING B	Langer transaksionele tekste	20 punte
AFDELING C	Korter tekste	20 punte

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf die nommer en die onderwerp wat jy kies, duidelik boaan.

4. Skryf duidelik en leesbaar.

5. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.

6. By elke onderwerp moet duidelike beplanning gedoen word. Dui die finale produk duidelik aan.

Linkerkantse bladsy

Beplanning

Afdeling A
Afdeling B
Afdeling C

Hier is 'n voorbeeld van hoe beplanning gedoen kan word.



Regterkantse bladsy

Finale skryfstuk

Vraagnommer en onderwerp

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

1.1 **EK HET NOG NOOIT SO LEKKER GELAG NIE!**

Eendag het daar iets met jou of een van jou vriende gebeur wat julle lekker laat lag het. Dit was baie snaaks!

Skryf 'n opstel waarin jy **vertel** wat daardie dag gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar was jy toe dit gebeur het?
- Wie was almal daar?
- Wat was die situasie?
- Waarom het julle so gelag?
- Wat was die gevolge van die gebeurtenis? **[40]**

OF

1.2 **DANKIE TOG EK LEWE NOG!**

'n Taxi het jou 'n paar dae gelede amper omgery. Dit was so amper of jy was dood.

Skryf 'n opstel en **vertel** wat gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar was jy toe dit gebeur het?
- Wat het die taxi gedoen?
- Wat het daarna gebeur?
- Wat was die gevolg van hierdie gebeurtenis? **[40]**

OF

1.3 **ERFENISDAG: 24 AUGUSTUS**

In ons land is daar baie mense met verskillende kulture. Op Erfenisdag, 24 Augustus, doen mense uit verskillende kulture verskillende dinge om hulle erfenis te vier.

Skryf 'n opstel waarin jy **beskryf** wat julle op Erfenisdag doen.

Hou die volgende in gedagte:

- Aan watter kultuur behoort jy?
- Watter tradisionele klere trek julle aan?
- Watter tradisionele kos eet julle?
- Na watter tradisionele musiek luister julle?
- Watter tradisionele danse doen julle op Erfenisdag?
- Wat beteken Erfenisdag vir julle? **[40]**

OF

1.4 **SO GAAN EK GELD MAAK UIT 2010 SE SOKKER-WÊRELDBEKER-TOERNOOI!**

Elke entrepreneur sien in die 2010 se Sokker-Wêreldbekertoernooi 'n kans om geld te maak. Baie mense gaan na Suid-Afrika toe kom. Daar moet blyplek, kos, vervoer en genoeg pret vir al die mense wees.

Beskryf hoe jy beplan om geld te maak uit 2010 se Sokker-Wêreldbeker-toernooi.

Hou die volgende in gedagte:

Beskryf …

- waar jy jou besigheid wil hê.
- wat jy gaan doen.
- wat jy nodig gaan hê.
- hoe jy jou besigheid gaan adverteer.
- hoeveel geld jy beplan om hieruit te maak. **[40]**

OF

1.5 **MUSIEK IN MY LEWE**

Musiek vorm 'n belangrike deel van 'n tiener se lewe. Dis deel van hulle kultuur en maak hulle lewens interessant. Tieners hou van verskillende tipes musiek en bewonder verskillende kunstenaars.

Skryf 'n opstel waarin jy sê wie jou geliefde kunstenaar is en **beskryf** hoe belangrik musiek in jou lewe is.

Hou die volgende in gedagte:

Beskryf …

- van watter soort musiek jy hou.
- jou geliefde kunstenaar.
- die tipe musiek waarvan jy hou.
- hoe dit jou laat voel as jy na die musiek luister.

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 2

- Skryf oor EEN van die volgende onderwerpe in ongeveer 80 – 100 woorde.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

2.1 **GEE MY ASSEBLIEF RAAD!**

Viljoenstraat 34
Middelburg
1050
12 Augustus 2008

Liewe Jo

Ek het 'n verskriklike groot probleem. Jy moet my dringend raadgee, want ek weet nie wat om te doen nie! Ek het nog vir niemand anders vertel nie.

Ek het 'n spesiale vriendin vir wie ek baie lief is. Ons het 'n paar keer saam geslaap en nou verwag sy 'n baba. Wat moet ons doen? Moet sy 'n aborsie kry of nie? Is dit reg of nie? Is dit gevaarlik? Hoe gaan ons vir die baba sorg as my vriendin nie vir 'n aborsie gaan nie? Jy weet, ek is nou eers agtien jaar oud en ek wou nog gaan studeer het!

Wat gaan die mense sê?

Ek weet dat jy 'n wyse mens is. Gee my asseblief raad, want ek weet nie wat om te doen nie!

Groete.

Jou vriend
John

Jy het die brief van John ontvang. Beantwoord hierdie brief en gee hom goeie raad. **[20]**

OF

2.2 **HIERDIE POS WIL EK HÊ**

DRINGEND BENODIG:

SEKURITEITSBESTUURDER

'n Groot maatskappy het dringend die dienste van 'n sekuriteitsbestuurder nodig.

Die persoon moet ...
- baie betroubaar wees.
- 'n minimum van 2 jaar ondervinding hê.
- eie vervoer hê.
- tweetalig wees.

Stuur jou CV en die name van 3 referente vir aandag: Die Bestuurder, Posbus 123, Johannesburg, 2000.
Sluitingsdatum: 30 November 2008

WINKELASSISTENT

Ons is op soek na 'n hardwerkende persoon om in die winkel te help.

Die ideale persoon moet ...
- vorige verkoopsondervinding hê.
- akkuraat met geld kan werk.
- 'n basiese kennis van 'n rekenaar hê
- tweetalig wees.
- goeie menseverhoudings hê.

Stuur jou CV aan: Die Bestuurder, Posbus 456, Pretoria, 0001.
Sluitingsdatum: 30 November 2008

Jy wil graag EEN van hierdie poste hê. Lees die advertensies goed deur en skryf 'n brief waarin jy aansoek doen vir EEN van die poste.

Hou die volgende in gedagte:

Noem …
- die pos waarvoor jy aansoek doen.
- jou kwalifikasies.
- waar jy al gewerk het.
- wanneer jy sal kan begin werk.
- waarom jy die beste persoon vir die werk sal wees. **[20]**

OF

2.3 **EK WIL PARTYTJIE TOE GAAN!**

Jy is na 'n partytjie toe uitgenooi. Jy sien baie daarna uit. Jou ma wil glad nie hê dat jy daarheen moet gaan nie.

Skryf die dialoog tussen jou en jou ma.

Begin so:

Mpho: Ma, Tembi reël Saterdagaand 'n partytjie. Mag ek asseblief daarheen gaan?

Ma: My kind, ek is baie jammer, maar jy kan nie soontoe gaan nie.

Mpho: _____ **[20]**

ONTHOU: Daar moet 'n reël oop wees tussen elke spreekbeurt.

OF

2.4 **DANKIE MENEER/MEVROU!**

Jy is klaar met skool. Daar was 'n spesiale onderwyser/es wat tydens jou Graad 12-jaar baie vir jou gedoen het.

Skryf 'n brief aan dié onderwyser/es om dankie te sê vir wat hy/sy vir jou gedoen het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarvoor sê jy dankie?
- Wat was die probleme waarmee hy/sy jou gehelp het?
- Hoe het hy/sy gehelp om die probleme op te los?
- Hoe voel jy daaroor?
- Watter verskil het dit aan jou lewe gemaak? **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KORTER TEKSTE

VRAAG 3

- Skryf oor EEN van die volgende onderwerpe in ongeveer 60 – 80 woorde.
- Skryf jou beplanning neer en dui die finale produk aan.

3.1 EKSTRA KLASSE VIR MATRIKULANTE

Julle is drie universiteitstudente wat besluit het om julle vorige skool se Graad 12-leerders te help om beter in matriek te doen. Julle wil die leerders met Engels help.

Stel 'n **brosjure** saam waarin die volgende inligting moet wees:

- Hoekom wil julle die leerders help?
- Waarom dink julle sal julle die leerders kan help?
- Waar gaan julle die leerders help?
- Wanneer gaan julle die leerders help?
- Aan watter afdelings van die vak gaan julle aandag gee?
- Wat kan julle die leerders belowe?

Punte word vir die inhoud toegeken en nie vir die versiering nie.	**[20]**

OF

3.2 GELD-INSAMELING

Julle Graad 12-klas wil geld bymekaar maak om vakansie te gaan hou. Julle besluit om koeldrank, lekkergoed en skyfies by die skool te verkoop.

Stel 'n **advertensie** op waarin julle die produkte wat julle wil verkoop, adverteer.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat gaan julle verkoop?
- Waar gaan julle dit verkoop?
- Wanneer gaan julle dit verkoop?
- Hoeveel gaan die produkte kos?
- Hoe gaan julle die kinders motiveer om die produkte te koop?

ONTHOU: 'n Advertensie moet visueel jou aandag trek! Punte word verdien vir die *inhoud.* Die vorm waarin die inhoud aangebied word, moet soos 'n advertensie lyk.	**[20]**

OF

3.3 **MY SKOOLTOER**

Jy is op 'n skooltoer. Jy is baie opgewonde oor 'n spesiale plek wat julle besoek het. Jy het die mooiste poskaart oor dié plek raakgeloop en wil dit vir jou ouers stuur.

Skryf 'n **poskaart** waarin jy vir jou ouers van jou skooltoer vertel.

Hou die volgende in gedagte:

- Watter plek is dit?
- Hoekom is die plek spesiaal?
- Wat het daar gebeur?
- Hoe lyk dit daar?
- Watter interessante dinge het jy daar gedoen?
- Hoe voel jy oor die toer?

Bied die poskaart in die volgende formaat aan:

		SEËL
	ADRES:	

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou